


# **DOORNKRAAL BOERDERY (EDMS) BPK**

**WET OP BEVORDERING VAN  
TOEGANG TOT INLIGTING, 2000**

**HANDLEIDING INGEVOLGE ARTIKEL  
51**



31 Desember 2011

## **DOORNKRAAL BOERDERY (EDMS) BPK**

### **HANDLEIDING INGEVOLGE ARTIKEL 51(1) VAN DIE WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, 2000**

#### **1. INLEIDING**

Hierdie Handleiding is opgestel ooreenkomstig die bepalings van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000) met die doel om gevolg te gee aan die grondwetlike reg op toegang tot inligting wat deur bogenoemde privaatliggaam gehou word en wat vir die uitoefening of beskerming van enige regte, soos bedoel in die Wet, benodig word.

Hierdie Handleiding moet saamgelees word met die bepalings van die Wet.

#### **2. BESIKBAARHEID VAN HIERDIE HANDLEIDING**

'n Eksemplaar van hierdie Handleiding is beskikbaar gestel aan die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie, ingestel ingevolge artikel 181(1)(b) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (No. 108 van 1996).

Hierdie Handleiding is ook gedurende kantoorure en op versoek, sonder betaling van enige gelde, vir die publiek ter insae by die adres gemeld in paragraaf 3, asook op die privaatliggaam se webblad (indien enige).

Indien egter versoek word dat 'n eksemplaar van die Handleiding, of 'n deel daarvan, op enige ander wyse beskikbaar gestel moet word, sal die voorgeskrewe gelde, asook die werklike posgeld, gehef word wanneer 'n afskrif van die Handleiding gepos moet word.

Hierdie Handleiding is nie in die Staatskoerant gepubliseer nie (artikel 9(1)(b) van Regulasie No. R.1244 gedateer 22 September 2003).

#### **3. KONTAKBESONDERHEDE VAN HOOF VAN DIE PRIVAATLIGGAAM**

**Kontakpersoon:** GB Gibson

**Posadres:** Posbus 484, Ceres 6835

**Telefoon nommer:** 023 313 3279

**Faks nommer:** 023 313 3738

**E-pos adres:** gibson@doornkraal.net

#### **4. GIDS OOR HOE OM DIE WET TE GEBRUIK**

Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie het in ooreenstemming met artikel 10 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 'n Gids in elke amptelike taal gepubliseer. Dit bevat inligting wat rederlikerwys benodig word deur 'n persoon wat enige reg in die Wet beoog, wil uitoefen.

Die Gids is, onder andere, ter insae beskikbaar by die kantoor van die Menseregtekommissie en op sy webblad [www.sahrc.org.za](http://www.sahrc.org.za).

Navrae in hierdie verband moet direk aan die Menseregtekommissie gerig word by sy besigheidsadres of telefoon nommer 011 877 3678.

#### **5. OUTOMATIESE BESIKBAARHEID VAN REKORDS**

Die Hoof van die privaatliggaam het nie ingevolge artikel 52 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 op vrywillige grondslag 'n beskrywing ingedien met betrekking tot kategorieë rekords wat outomaties beskikbaar is sonder dat 'n persoon 'n versoek om toegang ingevolge die Wet op die voorgeskrewe wyse hoef te rig nie.

Die Hoof van die privaatliggaam sal egter publikasies en enige ander rekords van inligting van die privaatliggaam wat reeds in die openbare domein is, outomaties op aanvraag beskikbaar stel.

## **6. PROSEDURE VIR DIE RIG VAN 'N FORMELE VERSOEK OM TOEGANG TOT REKORDS EN GELDE BETAALBAAR**

### **Prosedure vir die rig van versoeke**

Enige versoek om formele toegang tot 'n rekord van die privaatliggaam moet wesenlik ooreenstem met die formaat van die voorgeskrewe aansoekvorm vir privaatliggame soos vervat in Regulasie No.R.187 gedateer 15 Februarie 2002.

Sodanige aansoek moet aan die Hoof van die privaatliggaam gerig word by die adres, elektroniese posadres of faksnommer soos aangetoon in hierdie Handleiding.

Die versoeker moet sy/haar posadres of faksnommer in die Republiek van Suid-Afrika verstrek en aandui watter toepaslike vorm van toegang verlang word. Voldoende besonderhede moet verskaf word ten einde die Hoof van die privaatliggaam in staat te stel om die versoeker, sowel as die rekord of rekords wat versoek word, te identifiseer.

Die versoeker moet die reg wat gepoog word om deur die versoek om toegang afgedwing of beskerm te word, identifiseer, en 'n verduideliking gee waarom die aangevraagde rekord vir die uitoefening of beskerming van daardie reg benodig word.

Indien die versoek namens 'n ander persoon gerig word, moet die versoeker tot redelike tevredenheid van die Hoof van die privaatliggaam bewys lewer van die hoedanigheid waarin die versoek gerig word.

'n Versoeker sal binne binne dertig (30) dae, of sodanige voorgeskrewe verlengde tydperk, en op die voorgeskrewe wyse deur die Hoof van die privaatliggaam in kennis gestel word of die versoek om toegang tot 'n rekord toegestaan of geweier is. Indien die versoeker, benewens 'n skriftelike antwoord, op enige ander wyse van die besluit van die Hoof van die privaatliggaam oor die versoek ingelig wil word, moet die nodige besonderhede om aldus ingelig te word, vermeld word.

Die rig van 'n versoek om toegang tot 'n rekord of enige kommunikasie in daardie verband moet nie vertolk word dat sodanige versoek noodwendig deur die Hoof van die privaatliggaam toegestaan sal word nie. Versoekers se aandag word ook gevestig op die bepaling van artikel 78(2)(d) van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 saamgelees met Goewermentskennisgewing No. 585 gepubliseer in Staatskoerant No. 26332 gedateer 12 Mei 2004.

### **Gelde betaalbaar**

Die geldestruktuur vir die berekening van gelde betaalbaar met betrekking tot 'n versoek om toegang tot 'n rekord van 'n privaatliggaam, word uiteengesit in Regulasie No.R.187 gedateer 15 Februarie 2002. Hierdie geldestruktuur mag van tyd tot tyd deur die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling gewysig word.

'n Versoeker wat toegang verlang tot 'n rekord wat persoonlike inligting oor daardie versoeker bevat, hoef nie enige gelde te betaal ten aansien van sodanige versoek nie.

Die Hoof van die privaatliggaam sal van enige versoeker, behalwe 'n persoonlike versoeker, by wyse van skriftelike kennisgewing vereis om die voorgeskrewe versoekegelde en toepaslike toegangsgelde, indien enige, te betaal alvorens die versoek verder geprosesseer sal word.

Indien 'n versoek om toegang tot 'n rekord deur die Hoof van die privaatliggaam toegestaan word, moet die versoeker die voorgeskrewe toegangsgelde betaal vir reproduksie, soek en voorbereiding; met dien verstande dat indien die Hoof van mening is dat die soek en voorbereiding van 'n rekord meer as ses (6) uur sal duur, sal van die versoeker (uitgesonderd 'n persoonlike versoeker) vereis word om 'n deposito van een-derde van die voorgeskrewe gelde te betaal.

Die Hoof van die privaatliggaam sal 'n rekord terughou totdat die versoeker die toepaslike gelde betaal het.

## **7. BESKRYWING VAN DIE KATEGORIEË VAN REKORDS WAT OOR ELKE ONDERWERP DEUR DIE PRIVAATLIGGAAM GEHOU WORD**

### ADMINISTRATIEWE REKORDS

Akte/statute van oprigting/inlywing  
Name en besonderhede van Direkteure  
Kliënte rekords  
Korrespondensie  
Lisensies  
Direksie dokumente/notules/verslae/verklarings  
Aandeelhouer/Lede register  
Rekords in verband met aanstelling van direkteure/ouditeure

### PERSONEEL REKORDS

Dienskontrakte  
Gelyke Indiensnemingsplan  
Mediese Fonds rekords  
SETA rekords  
Verlof rekords  
Bywoningsregister  
Dissiplinêre kode/rekords  
Ongevalle rekords  
Salaris rekords  
Personeelbeleide  
Prosedure handleidings  
Opleiding rekord  
Opleiding materiaal

### FINANSIËLE REKORDS

Jaarlikse finansiële state  
Sertifikaat van aandele/effekte  
Bank rekords/state  
Oudit verslae  
Inkomstebelasting rekords  
BTW rekords  
PAYE rekords  
Assuransie rekords  
Waarborge  
Ooreenkomste met diensverskaffers  
Fakture  
Kwitansies

### REKORDS INSAKE ROERENDE EN ONROERENDE EIENDOM

Bate register  
Titel aktes

Notariële aktes  
Verband rekords  
Huur- en verhuring ooreenkomste  
Voorraadlyste

#### **8. BESKRYWING VAN REKORDS WAT INGEVOLGE ANDER WETGEWING GEHOU WORD**

Die privaatliggaam mag moontlik rekords ingevolge ander wetgewing hou, soos die volgende, maar nie noodwendig daartoe beperk nie:

Inkomstebelastingwet, 1967 (No.95 van 1967)  
Wet op Belasting van Toegevoegde Waarde, 1991 (No. 89 van 1991)  
Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (No. 75 van 1997)  
Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (No. 85 van 1993)  
Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en –siektes, 1993 (No.130 van 1993)  
Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995, (No. 66 van 1995)  
Werkloosheidsversekeringswet, 1966 (No. 30 van 1996)  
Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 1999 (No. 9 van 1999)  
Wet op Billike Indiensneming, 1998 (No. 55 van 1998)  
Wet op Mediese Skemas, 1998 (No. 131 van 1998)  
Wet op Handelsmerke, 1993 (No.194 van 1993)  
Maatskappywet, 2008 (No. 71 van 2008)

#### **9. ANDER INLIGTING WAT VOORGESKRYF MAG WORD**

Die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling het nie enige regulasies uitgevaardig met betrekking tot ander inligting wat in hierdie Handleiding bevat moet word nie.

---